Plak gemeente-logo hier, of sit op amptelike briefhoof

KONSTITUSIE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE [VOEG GEMEENTENAAM HIER IN]

Nota: Waar in hierdie dokument na die Kerkraad verwys word, is die veronderstelling dat dit 'n wettig verkose kerkraad is.

1. Benewens die normale wette, bepalings en regulasies van Suid-Afrika, word hierdie gemeente bestuur deur die regulasies, reëls en beginsels vervat in die Kerkorde van die NG Kerk soos goedgekeur die Algemene Sinode in Oktober 2023.
2. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____ is 'n regspersoon en die Kerkraad, of ander gevolmagtigde(s) wat deur die Kerkraad benoem is, is die agent/orgaan of verteenwoordiger daarvan.
3. Die gemeente het op _____ ontstaan nadat die gemeente amptelik van NG Gemeente _____ afgestig het.
4. Hierdie gemeente vorm deel van die Vrystaat Sinode van die NG Kerk.
5. Die gemeente is die eienaar van alle roerende en vaste eiendom wat deur die kerkraad beheer en verkry word, en vaste eiendom word in die naam van hierdie gemeente van die NG Kerk geregistreer.
6. Gemeentelike kerklike goedere word geadministreer ingevolge besluite van die kerkraad in die lig van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (2023) Reglement 24.
7. Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring (hetsy deur die aangaan van 'n lening en/of registrasie van 'n verband oor 'n eiendom) of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan, en:

7.1 dat die inkomste en eiendom van die gemeente, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die Kerkraad bestuur word, nie aan enige persoon of instansie uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die gemeente; en

7.2 dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is nie, inaggenome die aanbevole skale van die ATFB) aan enige werknemer of beampte van die gemeente vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die gemeente gelewer het nie.

8. Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om eiendomme en bates, roerend of onroerend te verkoop, uit te ruil, te verhuur, te skenk of op enige ander manier te vervreem, te verpand, te pand, as onderpand te bied, of op enige ander manier daarmee te handel, gedagtig dat:

8.1 skenkings mag slegs gemaak word ter bevordering van die doelstellings van die gemeente of aan teologiestudente, predikante, werknemers en amptenare in diens van die kerkraad, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en / of onderwysinstellings wat vrygestel is van belasting volgens die regulasies van die Inkomstebelastingwet;

8.2 kollaterale mag slegs aangebied word vir die verpligtinge van die gemeente.

9. Die kerkraad of sy gevolmagtigde is bevoeg om fondse onder hul beheer te belê en om geld te belê, herroep, kanselleer, sedeer, verander of andersins met sodanige beleggings te handel:

9.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van fondse), 1984 (Wet nr. 39 van 1984);

9.2 in aandele genoteer op 'n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Beurse, 1985 (Wet nr. 1 van 1985);

9.3 'n belegging mag hou wat sy as geskenk ontvang het in die vorm waarin dit ontvang is.

10. In alle gedingvoering of geskille rakende eiendomme, bates en fondse tree die Kerkraad, sonder enige verdere spesifieke mandaat, op as eiser en verweerder namens die gemeente.

11. Die gemeente mag 'n besigheid of kommersiële onderneming bedryf met inagneming dat sodanige inkomste onderhewig is aan inkomstebelasting indien die bedrag of persentasie wat die Wet op Inkomstebelasting van tyd tot tyd mag toelaat, oorskry word.

12. In die geval van ontbinding word die oorblywende bates van die gemeente nadat alle verpligtinge nagekom is, toegestaan of oorgedra aan 'n ander gemeente of instelling met soortgelyke doelstellings as dié van die gemeente.

13. Volledige registers sal gehou word van alle vaste bates en eiendomme, skenkings en bemakings sowel as beleggings van die gemeente, en word ook as sodanig in die finansiële state van die gemeente getoon.

14. Hierdie gemeente sal nie deel hê aan, of willens en wetens toelaat dat dit gebruik word as deel van enige transaksie, handeling of skema waarvan die enigste of hoofdoel die vermindering, uitstel of vermyding van aanspreeklikheid vir enige belasting, reg of

heffing wat, behalwe vir sodanige transaksie, handeling of skema, betaalbaar sou wees of sou word deur enige persoon kragtens enige Wet wat deur die kommissaris geadministreer word nie.

15. Geen hulpbronne sal direk of indirek gebruik word om enige politieke party te ondersteun, te bevorder of teë te staan nie.

Geteken namens die Kerkraad te _____ op _____ / _____ / _____

_____	_____
Handtekening	***Handtekening***
_____	_____
Volle name	***Volle name***
_____	_____
Hoedanigheid	***Hoedanigheid***

Hierdie dokument is laas aangepas op 14 Mei 2025 en daarna goedgekeur deur die Kerkraad op _____ / _____ / _____.

Titel	Samevatting van die Konstitusie van die NG Kerk
Outeurs	Taakspan Regte van die Algemene Sinode
Datum	28 November 2023
Laaste wysigings	14 Mei 2025

Ondersteunende dokument	Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (2023)